
SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE SLUITING VAN DIE VOETPAD VIR VOETGANGERS IN EN UIT DIE BONNYTOUN- INFORMELE BOSNEDERSETTING, WYNBERG-OOS

Die Stad Kaapstad is voornemens om die voetpad vir voetgangers wat na die Bonnytoun- informele bosnedersetting lei en op die kaart hier onder aangetoon word, permanent te sluit.

**Redes vir die voorstel vir die permanente sluiting:**

- Die Wynberg-gemeenskap ervaar daaglikse verliese soos kabeldiefstal, huisinbrake,  en diefstal uit motorvoertuie en van persoonlike besittings terwyl mense te voet is.
- Oortreders ontvlug deur die steeg na die informele nedersetting aangesien dit ’n gerieflike ontsnappingsroete in en uit die informele nedersetting is.




Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf Woensdag 26 Maart tot Woensdag 30 April 2025 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word:**

- E-pos: public.participation@capetown.gov.za
- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Hand: Subraad 20-kantoor, Alphen-sentrum, Hoofweg, Constantia

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word.

Kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za as jy enige navrae het oor hoe om jou kommentaar in te dien.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA61/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**